# AFRIKAANS

# Tema 8

## Graad 6

### Week 7: 1-5 Junie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag : 1 Junie

*Handboekverwysing p. 85*

Kyk na die prent aan die linkerkant van die skyfie en beantwoord nr. 1-4 in jou Algemene Skryboek.

Opskrif vir aktiwiteit: Tema 8 Inleiding p. 85



## Inleiding

Kyk na die foto op hierdie bladsy. Bespreek die volgende vrae eers in groepe en gee dan terugvoering aan die klas.

1. Herken jy die karakter wat in die foto uitgebeeld word? Wie is hy?
2. Hoekom is sy neus so lank?
3. Dink jy daar is 'n verskil tussen 'n leuen en 'n wolhaarstorie? Indien wel, wat is die verskil?
4. Dink jy dat daar tye is wanneer dit aanvaarbaar is om leuens of wolhaarstories te vertel? Hoekom sê jy so?


Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag : 1 Junie

LAERSKOOL MIKRO

*Handboekverwysing p. 87*

Lees die kenmerke van 'n wolhaarstorie deur en beantwoord die vrae volledig.



Opskrif vir aktiwiteit: Werk met woorde p. 87 nr. 1-2

By nommer 1 kan jy slegs die korrekte woord tussen hakies kies.
Jy moet nommer 2 se vrae asb. volledig (in vol sinne) beantwoord.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag : 2 Junie

Lees die spekskietstorie op p. 88 en beantwoord die vrae op p. 89 bo-aan.

Opskrif vir aktiwiteit: Teks 1 Post-lees p. 88-89

Doen slegs nr. 1-8




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag : 3 Junie

Lees die kortverhaal op p. 89 en beantwoord die vrae op p. 90 onderaan.

Opskrif vir aktiwiteit: Teks 2 Post-lees p. 89-90

Doen nr. 1-6



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 4 Junie

Vandag gaan ons jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



| | |
|---|---|
| Eerste 30 min: | LEES |
| Tweede 30 min: | SPEL |




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 4 Junie

LAERSKOOL MIKRO

| Eerste 30 minute | Tweede 30 minute |
|---|---|
| Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts.<br><br>Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen.<br><br>Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waaroor die storie gaan.<br><br>Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie. | In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.5). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek).<br><br>Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak.<br>Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf.<br>Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is.<br><br>Opskrif: Spelgroep 2.5 Sinne |

**TOETS 2.5**

deurkruis
vuurtoring
begrafnis
grense
predikant
waardevol
geëet
leuen
bogstorie
oordryf
fabel
realisties
gelowig
humeurig
waarheid

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 5 Junie

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.
Opskrif: Speltoets 2.5

**JY MAG NIE NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE AFGEHANDEL IS NIE!! Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag nou voor die rekenaar wees.**

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of pappa jou spelwoorde merk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 5 Junie

## Spelwoorde 2.5

1. vuurtoring
2. begrafnis
3. predikant
4. waardevol
5. geëet
6. leuen
7. realisties
8. gelowig
9. humeurig
10. waarheid

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans voltooi.

Ons sal al die memorandums vir jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©